25 November

Skrifgedeelte: Handelinge 9:1-6
Fokusgedeelte: Handelinge 9:4-6 (1933/53-vertaling)

God draai dié wat teen Hom is, heeltemal na Hom toe

Hierdie gedeelte is van die grootste draaipunte wat daar in die Nuwe Testament was. Paulus (Saulus van Tarsus) een van die grootste vervolgers van die gelowiges (vgl. Hand. 7:58; 8:1, 3; 9:1-2) word deur God gekies om die evangelie tot in die uithoeke van die wêreld uit te dra. Die mees omvattende uitbreiding van God se Koninkryk vind plaas wanneer God hierdie Paulus tot een van sy ywerigste werkers van alle tye omdraai.

Voordat Paulus mense na Jesus (dié Weg – vgl. vs 2) kon "draai", het God geweet hoe om Paulus voor te keer, hom om te draai dat hy nie meer teen die Weg sou wees nie, maar ten volle in die "Weg" sou wandel.

Al was hy soos 'n bloedhond op pad na Damaskus, word hy voorgekeer en ineens neergevel om persoonlik voor die lewende Christus te staan. Die lig van God se heerlikheid het hom neergevel. Wie hom/haar teen God wil draai, kan nie voor God bly staan nie. Hy bly wel by sy volle bewussyn. Hy wat net een missie na Damaskus gehad het, om as vervolger van Christus sy volgelinge dieselfde kwaad aan te doen, soos vir Stefanus, hierdie vervolger moet deel van die "Missio Dei" (God se sending!) word.

Hy word bekeer om as vervolger om te draai, na 'n volgeling van Hom rondom Wie alles moet draai. Sy persoon (en sy oë – vs 8) word omgedraai, maar nie sy roete nie. Steeds moet hy na Damaskus gaan om presies die teenoorgestelde te doen as wat sy voorneme was. Hy wat die verkondigers daar wou boei (vs 2), het op dieselfde reis moes gaan om nou verkondiger te word. Hy ontdek dit wat hy later skryf – "maar die woord van God is nie gebonde nie" – (2 Tim. 2:9c). Die Woord van God kan nie geboei word nie. Die Here kan in sy vrymag omstandighede ten goede aanwend.

Al moet hy verder as blinde na Damaskus gelei word, is dit juis die teken dat wie hom/haar op die regte weg bevind, waarheen God jou draai, oë sal verkry om die onsienlike te sien. Ja, om die stem van die Here te hoor en te antwoord as Hy hom vra: "Waarom vervolg jy My?" Hierdie "My" het Paulus omgedraai op 'n pad wat Hy altyd weer na moes terugdraai.

Sing: Psalm 25:2, 4 (1936)

Ds. PJ (Petrus) Venter (Pretoria)